PERSVERKLARING – OKTOBER 2004

STUDIE BEVESTIG DIE WYNBEDRYF AS 'N BELANGRIKE BRON VAN EKONOMIESE GROEI IN SUID-AFRIKA

Die Suid-Afrikaanse wynbedryf se posisie as 'n vooraanstaande rolspeler in die nasionale ekonomie is bevestig deur 'n studie wat bevind het dat die bedryf se bydrae tot die land se Bruto Binnelandse Produk (BBP) sowat R16,3 miljard beloop. Die studie, wat deur die Suid-Afrikaanse Wynbedryf-Inligting en -Stelsels (SAWIS) aangevra is en in 2004 uitgevoer is, het ook bevind dat die wynbedryf direkte en indirekte werksgeleenthede aan sowat 257 000 mense in 'n verskeidenheid sektore, insluitend landbou, kelderwerk, vervaardiging, groothandel en kleinhandel, en toerisme, verskaf het.

"Die studie het onaantasbare bewys gelewer dat die wynbedryf nie slegs 'n vooraanstaande rolspeler in die Suid-Afrikaanse ekonomie in terme van bydrae tot die BBP en werksverskaffing is nie, maar dat dit ook van die land se sterkste bedryfsgroei openbaar," sê dr Johan van Rooyen, hoof uitvoerende beampte van die Suid-Afrikaanse Wyn- en Brandewynmaatskappy. SAWIS is 'n sake-eenheid van die SAWB.

Van Rooyen sê vergeleke met die vorige SAWIS studie, wat in 2000 uitgevoer is, is dit duidelik dat die wynbedryf merkbaar gegroei het tussen 1999 en 2003. Die totale omset van die bedryf het met 45% gegroei (ongeveer 11% per jaar). "Hierdie groei was hoofsaaklik die gevolg van die uitstekende vertoning in die uitvoermark, wat bykans verdubbel het in Rand-waarde sedert 1999," sê hy.

"Dit moet egter in aanmerking geneem word dat die tydperk waartydens die jongste studie voltooi is, saamgeval het met 'n uiters voordelige wisselkoers vanweë 'n swak Rand," sê Van Rooyen. "Tans is marges in die internasionale markplek onder geweldige druk. Die volgehoue groei van die bedryf sal daarvan afhang of nuwe markte op aggressiewe wyse nagejaag kan word en of 'n toegewydheid aan die mark se behoefte aan hoër kwaliteit wyne te bespeur is. Groter aandag sal gevestig moet word op die Suid-Afrikaanse mark waar daar 'n sterk behoefte bestaan vir 'n kragtige bemarkingstrategie. Die verkoop van brandewyn – meer as 40 miljoen liter word per jaar van die hand gesit – bly steeds veerkragtig."

Die SAWIS studie het getoon dat die waarde van binnelandse verkope van wyn en wynverwante produkte met sowat 7% per jaar gegroei het tussen 1999 en 2003.

Volgens die studie was die toename in drankverkope (insluitend wyn) groter as die inflasiekoers. Dit is veroorsaak deur hoër vervaardigingspryse en herhaaldelike skerp toenames in aksynsbelasting, wat geen teken van afplatting toon nie. Die toename in wynpryse is egter ook die gevolg van vraag en aanbod wat tot 'n afname in die beskikbaarheid van wit wyne gelei het. Hierdie faktore, tesame met 'n reeks faktore wat in die vorige studie genoem is (lotery, casino's, selfone, duurder munisipale dienste, ens.), het daartoe gelei dat drankverbruik (insluitend wyn) afgeneem het in absolute terme sedert 1999.

As gevolg van die tendense soos hierbo uiteengesit het drankverbruikers goedkoper produkte soos bier begin koop. Dit het 'n negatiewe uitwerking op goedkoper wyne gehad. Sekere drankverbruikers het egter ook meer kwaliteit wyne en gegeurde alkoholiese drankies begin koop. Hierdie tendens is onderskraag deur 'n toename in buitelandse toeriste.

Die totale omset van wyn en verwante alkoholiese produkte, soos brandewyn, het meer as R10,7 miljard bereik, waarvan R3,2 miljard uitgevoer is.

Daarby word dit geraam dat 'n bykomende R4,2 miljard verdien is deur wyntoerisme.

"Wyntoerisme word internasionaal beskou as 'n stimuleerder van globale wynverkope en ontvang dienooreenkomstig die nodige aandag van die SAWB," sê Van Rooyen. Die belangrikheid van wyntoerisme word onderskraag deur die SAWIS studie wat verder gevind het dat meer as 59 000 van die 257 000 nuwe werksgeleenthede in die wynbedryf in die toerisme-sektor geskep is.

Die wynbedryf (uitsluitend toerisme) skep R10 607 miljoen se private besteebare inkomste.

Van die R16,3 miljard van die BBP wat die bedryf skep sal ongeveer R11,4 miljard uiteindelik in die Wes-Kaap bly tot die voordeel van die provinsie se inwoners. Van die totale impak wat die bedryf op die BBP het, vind ongeveer 70% in die Wes-Kaap plaas. Ongeveer 63% van die nuwe werksgeleenthede is in die Wes-Kaap.

"Die studie bevestig nie slegs die nasionale belang van die wynbedryf nie, maar herbevestig die enorme potensiaal vir toekomstige groei," sê Van Rooyen. "Met die regering se aanvaarding en ondersteuning van die Wynbedryf Ontwikkelingsplan, wat deur die SAWB ingestel word en daarop gemik is om transformasie te bewerkstellig en internasionale mededingendheid te verseker, is daar min twyfel dat die bedryf toenemend sy posisie as 'n belangrike deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie sal handhaaf."

Die volledige verslag is beskikbaar op die SAWIS webtuiste, www.sawis.co.za. Vir verdere navrae, skakel asseblief vir Yvette van der Merwe (tel 021-807 5703, faks 021-807 6000, e-pos yvette@sawis.co.za).

UITGEREIK DEUR	MEDIAVISION COMMUNICATION KONSULTANTE
IN OPDRAG VAN	SUID-AFRIKAANSE WYN EN BRANDEWYN MAATSKAPPY
DATUM	19 OKTOBER 2004
NAVRAE	JOHAN VAN ROOYEN, SAWB, (021) 8868992, SEL 082-7853300
	EMILE JOUBERT, MEDIAVISION 082-8862437